

Vrydag 19 September

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:18**

**Die graf 'n deurgang na verheerliking**

As dit jou beurt is om by 'n sterfbed of 'n oop graf te staan, kom die besef weereens: Niemand kan die dood ontkom nie.

Die misterie van lewe en dood is buite ons hande en ons vaardigheid, al het die mens hoe slim geword. Ons bely egter "... dat hierdie selfde liggaam van my deur die krag van Christus opgewek sal word en weer met my siel verenig" (HK Sondag 22) omdat Jesus verheerlik opgestaan het.

Paulus verduidelik dit met 'n beeld uit die natuur. Saad wat in die grond lê en "doodgaan" en uit die saad kom 'n plant. Voor ons oë sien ons lewe uit die grond uitkom as die plant deur die grond kors breek. So, sê Paulus, sal ons eenmaal uit die dood uit opstaan met 'n verheerlikte liggaam. Niemand kan lewe uit die dood uit laat voorkom nie, maar deur die almag van die Here sal dit gebeur. Daaroor skryf Paulus in vers 55: *"Dood, waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning?"*

Dit is vir ons die troos by die sterfbed en die oop graf. Dit is die troos as verlange na 'n geliefde swaar op jou kom lê. Daar sal 'n weersien wees hierna, en eendag, eendag op God se tyd sal die verheerlikte liggaam opstaan, want Hy het die dood oorwin.

*Sing: Lied 415:1, 2*

*Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)*